


WATERBRONBESTUURHEFFING

Waterbron- bestuurheffing

'n VEREENVOUDIGDE GIDS



Departement: Waterwese en Bosbou

**Jou vennoot
in die bou
van 'n beter
toekoms**

TROTS
SUID-AFRIKAANS



Waarom so 'n heffing?

Water is 'n skaars en dus kosbare, artikel in Suid-Afrika. Daar moet deeglik beplan word om te verseker dat alle waterverbruikers voldoende water het.

Die bestuur van ons waterbronne – in samewerking met die Departement van Waterwese en Bosbou en uiteindelik ook die bestuursagentskappe van die opvangsgebiede – sal ons in staat stel om waterverbruik só te bestuur dat elke Suid-Afrikaner toegang tot water het.

Sedert 1 April 2002 is 'n Waterbronbestuurheffing betaalbaar om 'n gedeelte van die waterbestuurkoste te delg. Dié heffing is betaalbaar deur elke geregistreerde waterverbruiker in 'n opvanggebied onder die volgende verbruikersektore: nywerhede, myne, munisipaliteite, besproeiing, huishoudelik en bosbou.

2002
April

M	D	W	D	V	S
		1	2	3	4
6	7	8	9	10	11
13	14	15	16	17	18
20	21	22	23	24	25
27	28	29	30	31	



Die Waterbronbestuurheffing sal in elke Waterbestuurgebied (WBG) vir daardie betrokke gebied tot regstreekse voordeel van alle verbruikers aangewend word.

Wie word deur die heffing bevoordeel?

Elkeen wat die heffing betaal, sal daarby baat vind omdat dit sy reg tot beskerming van die waterbronne waarborg. Die geld wat in elke Waterbestuurgebied (WBG) ingevorder word, sal in daardie besondere gebied bestee word. Geld wat in een WBG ingevorder word, sal nie in 'n ander gebied bestee word nie (behalwe waar water van een bestuurgebied na 'n ander oorgedra word en waar dié bevoordeeldes vir die voorreg sal betaal). Op hierdie wyse sal die geld wat 'n waterverbruiker betaal regstreeks tot sy eie voordeel bestee word.



Wat is waterbronbestuur?

Die Waterbronbestuurheffing is ingestel om waterhulpbronne behoorlik te bestuur. Die geld wat hierdeur verkry word, sal onder meer gebruik word vir:

- die beheer oor wateronttrekking om te verseker dat elkeen sy regmatige hoeveelheid water kry;
- Monitoring en beheer van besoedeling om ons riviere in stand te hou;
- beplanning vir die ontwikkeling van nuwe skemas en uitbreiding van bestaande skemas;
- uitroei van uitheemse indringerplante wat te veel water verbruik.

Wie moet die heffing betaal?

Die Rouwater Prysbeplanningstrategie, wat in 1999 gepubliseer is, maak voorsiening daarvoor dat elk van die elf gedefinieerde waterverbruikers vir die heffing aanspreeklik gehou kan word.

Aanvanklik sal 'n heffing slegs geld vir twee van die waterverbruikersgroepe wat groot hoeveelhede water gebruik. Kragtens die beplanning sal die heffingstruktuur mettertyd van toepassing gemaak word op die ander waterverbruikersgroepe in ooreenstemming met die Rouwater Prysbeplanningstrategie. Die twee waterverbruikersgroepe op wie die heffing tans van toepassing is, is:

- Verbruikers wat water van waterhulpbronne gebruik (grond- of oppervlakwater),
- Verbruikers wat betrokke is by bedrywighede wat lei tot die vermindering van stroomvloei – kommersiële bosbou-aanplanting.



Die Waterbronbestuurheffing sal gehêf word vir onttrekking van water uit waterhulpbronne en vir stroomvloeivermindering bv. 'n bosbou aktiwiteit.



Wie hoef nie te betaal nie?

Waterverbruikers sal nie 'n rekening van die Departement ontvang nie indien hulle:

- Water bekom kragtens 'n ooreenkoms met 'n watervoorsiener (soos 'n munisipaliteit) omdat hulle reeds kragtens die ooreenkoms vir hul water betaal en
- Skedule 1-waterverbruikers is ingevolge die Nasionale Waterwet, (Wet no 36 van 1998). 'n Voorbeeld van so 'n waterverbruiker is iemand wat water regstreeks van 'n waterhulpbron kry vir huishoudelike gebruik, tuine, vee (vir nie-kommersiële doeleindes), opgaring of die gebruik van reënwater afkomstig van 'n dak.



Water vir huishoudelike gebruik sal nie aan die waterbronbestuurshoofteffing onderhewig wees nie.

Hoeveel kos waterbronbestuur die verbruiker?

Die Waterbronbestuurheffing word bereken volgens die werklike koste van waterbronbestuurbedrywighede in die waterbestuursgebied, per eenheid (kubieke meter) water wat gebruik word.

In WBGes waar daar 'n tekort aan water is, is die relatiewe bestuurskoste hoër as in WBGes waar 'n groter hoeveelheid water beskikbaar is. Vir die 2003/04 finansiële jaar is die maksimum koste vir waterbestuur 3,16 sent per kubieke meter. Die minimum koste is 0,27 sent per kubieke meter. Die koste om landbougrond te besproei, beloop nie meer as 1,07 sent per kubieke meter in dié jaar nie.

Die tabel op die volgende bladsy gee 'n aanduiding van die waterbronbestuurheffing per kubieke meter volgens die drie hoof-verbruikersektore (huishoudelik/nywerheid, besproeiing en bosbou) per Waterbestuursgebied.



WATERBESTUURSGBIED		EENHEIDSKOSTE S/M^3		
Nr	Waterbestuursgebied	Huishoudelik/ Nywerheid	Landbou: Besproeiing en veesuip- ings	Bosbou
1	LIMPOPO	0.92	0.58	0.54
2	LUVUVHU EN LETABA	1.33	0.78	0.70
3	KROKODIL (WES)			
	EN MARICO	0.82	0.63	0.61
4	OLIFANTS	0.89	0.75	0.70
5	INKOMATI	0.85	0.63	0.57
6	USUTU TOT MHLATHUZE	0.30	0.30	0.28
7	THUKELA	0.33	0.33	0.31
8	BO-VAAL	0.96	0.78	0.78
9	MIDDEL-VAAL	1.07	1.07	N/A
10	BENEDE-VAAL	0.59	0.50	N/A
11	MVOTI TOT UMZIMKULU	0.81	0.78	0.74
12	MZIMVUBU TOT KEISKAMMA	0.85	0.67	0.56
13	BO-ORANJE	0.38	0.38	N/A
14	BENEDE-ORANJE	0.49	0.40	N/A
15	FISH TOT TSITSIKAMMA	0.89	0.50	0.27
16	GOURITZ	2.36	0.67	0.47
17	OLIFANTS TOT DOORN	1.77	0.65	0.51
18	BREEDE	2.23	0.58	0.39
19	BERG	3.16	0.70	0.54
	Gemiddeld	1.11	0.61	0.42

ALLE HEFFINGS SLUIT BTW UIT

S/M^3 (Sent per kubieke meter)



Wat van ander heffings wat betaalbaar is?

Die bestaande heffing vir **Watervorsing** - wat talle waterverbruikers betaal - sal steeds betaalbaar wees. Die heffing sal in die toekoms by 'n gesamentlike rekening ingesluit word wat die verbruikerheffing en die waterbronbestuurheffing sal insluit.

Waterverbruikheffings, wat reeds ingevorder word, sal gehef word deur middel van rekeninge vir watergebruik in betrokke staatswaterskemas. Boere buite dié skemas word nie deur die heffing geraak nie.

Die bestaande Trans Caledon Tonnelowerheid (TCTO) - heffing sal ingesluit word in die rekeninge wat soos gewoonlik betaalbaar is deur verbruikers op wie dit van toepassing is.

Waar betaal ek my rekening?

Rekeninge is betaalbaar by enige poskantoor landwyd, enige kantoor van die Departement van Waterwese en Bosbou of by die volgende banke: ENB, ABSA en Standard Bank. Besonderhede van hierdie reëlings verskyn op elke rekening.

Wanneer kan ek my rekening verwag?

Rekeninge word gewoonlik elke ses maande aan besproeiingsboere gestuur. Die eerste rekeninge aan besproeiingsboere, waarby die waterbestuurheffing ingesluit is, is in Desember 2002 uitgereik.

Wat gebeur indien ek nie betaal nie?

Wanbetaling is 'n ernstige oortreding. 'n Waterverbruiker wat nie sy rekening betaal nie, sal vervolgt word. Sy waterregte kan opgeskort of van hom ontnem word.



Vrae en Antwoorde

Hoekom moet ek nou vir waterverbruik begin betaal? Is dit regverdig?

Die inkomste wat van die bestaande belastingstelsel verkry word, is reeds ge-oormerk vir spesifieke doeleindes betreffende die administrasie van die land asook die voorsiening van dienste. Die dringende noodsaaklikheid om die nasionale waterhulpbronne doeltreffend te bestuur is 'n saak van hoogste prioriteit. Dit is gestruktureer in die belang van diegene wie se waterverbruik die duurste is wat betref die bestuur en die invloed of moontlike invloed wat dit op die omgewing en ander verbruikers uitoefen.

Vir watter dienste betaal ek?

Die breë doelwit van die waterbronbestuur sluit in die spektrum van ondersoek, monitering en beplanning, die vasstelling van die behoefte aan 'n infrastruktuur en die ontwikkeling van nuwe skemas of die uitbreiding daarvan, beheer van besoedeling, uitroei van uitheemse indringerplante en die beskerming van waterhulpbronne.

Hoe moet betaal word? Hoe word dit bepaal?

Dit is onvermydelik dat die koste wat verband hou met waterbestuur, sal verskil van een WBG na 'n ander en van een sektor na 'n ander (huishoudelike verbruik, landbou, bosbou, nywerhede). Plaaslike omstandighede het ook 'n invloed op die koste. Uiteindelik sal elkeen van die negentien Waterbestuurgebiede 'n Opvanggebiedbestuuragentskap hê. Hierdie agentskappe sal verantwoordelik wees vir die vasstelling van heffings vir die bestuur van sy betrokke waterhulpbronne. 'n Duidelike uiteensetting van die heffing per kubieke meter van geregistreerde waterverbruik vir die 2003/04 finansiële jaar kan gesien word in die brosjure. In die tussentyd sal die Departement van Waterwese en Bosbou, asook sy streekkantore, die pligte van die Opvanggebiedbestuursagentskappe vervul.

Word daar reeds voor betaling ooreengekom oor die hoeveelheid water wat verbruik sal word en word die verbruik geverifieer?

Die bepaling van 'n rekening vir besproeiing word gegrond op statistiek wat voorsien en bevestig word deur middel van 'n ondertekende verklaring wanneer elke spesifieke waterverbruik geregistreer word of kragtens 'n lisensie wat deur die Departement uitgereik is. Waterverbruik word nie gemeet of bereken volgens die werklike verbruik op 'n maand-tot-maandgrondslag nie.



VRAE EN ANTWOORDE: (VERVOLG)

Wat gebeur indien ek vir meer water geregistreer het as wat ek werklik gebruik en uitvind dat ek nou vir die volle hoeveelheid betaal?

Wanneer 'n verbruiker sy waterverbruik registreer, onderteken hy 'n verklaring waarin hy bevestig dat die waterverbruikstatistiek wat ingehandig word, akkuraat is. Op daardie tydstip word die beraming as akkuraat aanvaar. Die rekening word dan volgens dié inligting opgestel.

Indien die waterverbruik weens omstandighede verander – of indien 'n verbruiker vermoed dat daar 'n fout begaan is – is dit moontlik om die inligting te verander. Tree met die naaste kantoor van die Departement in verbinding om die nodige vorms en advies oor hoe om te werk te gaan.

Wanneer sal Waterbronbestuurheffings verhoog word?

Die heffings sal jaarliks deur die Departement van Waterwese en Bosbou hersien word.

Om meer inligting, skakel die naaste kantoor van die Departement van Waterwese en Bosbou.

Limpopo Streekkantoor
Prof Ola Busari
Tel: (015) 290 1217

Mpumalanga Streekkantoor
Mnr Johan Van Aswegen
Tel: (013) 755-1674-7

Noord-Wes Streekkantoor
Mnr Chedwick Lobakeng
Tel: (018) 384 3270-6

Vrystaat Streekkantoor
Mnr Tseliso Ntili
Tel: (051) 430 3134

Oos-Kaap Streekkantoor
Mnr Zolile Keke / Dewald Coetzee
Tel: (043) 643 4352

KwaZulu-Natal Streekkantoor
Mnr J.G.G Hansmann
Tel: (031) 336 2700

Noord-Kaap Streekkantoor
Mnr L. J Snyders
Tel: (053) 831 4125

Gauteng Streekkantoor
Mnr Hennie Smit
Tel: (012) 392 1301

Wes-Kaap Streekkantoor
Mnr Rashid Khan
Tel: (021) 950 7100